

1 Desember 2020

TOELATING TOT A4-EKSAMENS IN JANUARIE/FEBRUARIE 2021

Beste Student

Ek wil graag duidelikheid verskaf oor toelating tot die A4-eksamengeleentheid wat vir Januarie/Februarie 2021 geskeduleer is.

Die Universiteit Stellenbosch (US) het besluit om die A4-eksamengeleentheid in Januarie/Februarie 2021 vir eerstesemestermodules en 'n paar jaarmodules in te stel vir die uitsluitlike doel om ons studente te help om 'n module te slaag of om hul punte te verbeter vir toelating tot honneursprogramme.

Die skielike oorskakeling van tradisionele lesings in persoon en eksamens wat op kampus geskryf word na noodafstandleer en -onderrig asook -assesserings (ERLTA) wat deur die COVID-19-pandemie in die tweede kwartaal van 2020 genoodsaak is, was vir sommige van ons studente 'n aansienlike uitdaging. Die A4-eksamens is 'n direkte uitvloeisel om die negatiewe uitwerking van die nasionale staat van inperking wat in Maart aangekondig is, op die akademiese projek te versag en om ons studente te help om die akademiese jaar suksesvol te voltooi.

Dit wil voorkom asof daar 'n misverstand is dat studente wie se punte as 'n strafmaatreeël deur die Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK) verminder is, toegelaat sal word om die A4-eksamens af te lê. Soos in alle gevalle waar studente punte na afloop van dissiplinêre stappe moet prysgee en gevolglik 'n betrokke module drui, sal studente die module moet herhaal. Die A4-eksamens is nie bedoel as 'n opsies in sulke gevalle nie. Studente wat deur die SDK gestraf is vir oortredings gedurende aanlyn eksamens, sal ongelukkig die gevolge van hul dade moet dra en sal nie toegelaat word om die A4-eksamens af te lê nie.

'n Graad van die Universiteit Stellenbosch sertifiseer dat die gegradueerde aan al die vereistes voldoen het wat vir die betrokke kwalifikasie in die Universiteit se jaarboek gestel is. Deernis, uitnemendheid en verantwoordbaarheid is drie van ons Universiteit se kern waardes. In hierdie geval is die A4-eksamengeleentheid 'n daad van deernis om studente wat geregverdigde uitdagings in die tweede kwartaal ondervind het, by te staan. In ons konteks vereis uitnemendheid die nastrewe van kennis wat aan die hoogste standarde van integriteit voldoen (selfs wanneer daar geen toesig is nie), innovasie en toepaslikheid; en verantwoordbaarheid beteken dat ons die hoogste vlak van verantwoordelikheid vir ons dade aanvaar.

Ek wens al ons studente wat die A4-eksamens gaan aflê, alles van die beste toe. Julle het genoeg tyd om goed voor te berei. Maak die beste gebruik daarvan en sien asb om na julle gesondheid.

Prof Stan du Plessis

Voorsitter: Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting